**Die volk vra 'n koning**

**1 Sam 8:1-21, 12:13-22**

**15 September 2024**

1. Vantevore: Realiteit: die Here is onveranderlik, heilig, regverdig en genadig. 3 Vraagstukke: Hoe gaan die Here die sondeskuld, sondegeneigdheid en vernietiging van die duiwel bewerk? Aanduidings 'n koning gaan 'n rol speel: Beloftes aan Abraham, Melgisedek – koning van geregtigheid en vrede, en priester van God, Koning uit Juda, koninkryk van priesters, vereistes vir koning.
2. Die versoek van die volk vir 'n koning (1 Sam 8:1-5, 19-20)
    a. Samuel is laaste rigter, maar hy is oud, seuns is sleg (1 Sam 7:15, 8:1-3)
    b. Motivering vir 'n koning: Rigters het telkens kort regeer – koning kan langer regeer; Samuel is oud; die Here het al aanduidings gegee van komende koning
    c. Verwagtinge van die koning: Hy moet oor hulle regeer; hy moet hulle oorloë vir hulle voer
3. Samuel se opinie oor hulle versoek (1 Sam 8:6-7)
    a. Samuel oordeel dit is verkeerd – die Here is tog hulle Koning (vgl 1 Sam 12:12)
    b. Samuel word ook self as rigter verwerp
    c. Samuel neem die saak na die Here in gebed
4. Die Here se uitspraak oor hulle versoek (1 Sam 8:7-18, 22)
    a. Die Here stem saam die volk verwerp Hom as hulle Koning
    b. Die Here sê egter Samuel moet vir hulle 'n koning aanstel
    c. Die Here spel ook die regte van die koning uit – die volk moet bewus wees
5. Die gevolg van die aanstelling van 'n koning (1 Sam 9-12)
    a. Saul word gesalf as koning – eers privaat, later in teenwoordigheid van die volk
    b. Saul se koningskap begin met oorwinning oor die Ammoniete – eenparig erken
    c. Samuel gee sy afskeidsboodskap (1 Sam 12):
        - Herinner die volk dat die Here hulle Koning is (v6-11)
        - Die Here verwag steeds gehoorsaamheid van volk en koning (v13-15)
        - Die Here bevestig die versoek om koning was boos (v16-19)
6. Hoe moet ons sin maak uit die gebeure?
    a. Die versoek om 'n koning was redelik:
        - Openbaringsgeskiedenis het verwagting van 'n koning geskep
        - Die Here het self Saul as koning gekies en deur Samuel gesalf
        - Saul was suksesvol teen die Ammoniete
    b. Maar: Die versoek om 'n koning was boosheid
        - Hulle het die Here verwerp as hulle Koning – die Here bevestig dit
        - Die Here het telkens hulle oorloë gevoer
    c. Wat ons moet raaksien:
        - Die oorloë was instrumenteel om volk te herinner aan die verwagting van gehoorsaamheid – terwyl hulle geneig is tot sonde
        - Die volk se versoek om 'n koning wil konfrontasie oor sondegeneigdheid systap – daarom is dit boosheid
        - Koningsrol gaan egter verder ontwikkel om vraagstuk oor die vernietiging van duiwel aan te spreek – daarom gee die Here toe aan die versoek